higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6

(4090506)

7 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

232Q1J2107

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE REG OM GROND TE GEBRUIK

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Grondregte	A	huur of koop van grond
1.1.2	Vaste ooreenkoms	B	gewillige koper en gewillige verkoper
1.1.3	Projekooreenkoms	C	situasionele netwerke
1.1.4	Loonooreenkoms	D	persoonlike en markwaarde
1.1.5	Fluktuerende kontanthuur	E	hoë prestige-waarde
1.1.6	Grondbesit	F	vaste kontanthuur en aandeelooreenkoms
1.1.7	Grondwaardasie	G	junior vennoot kry vaste kontant salaris
1.1.8	Waardeproduserende faktor	H	eenvoudigste vorm van gesamentlike boerdery
1.1.9	Markwaarde	I	aanmoediging vir die junior vennoot
1.1.10	Verkryging van regte om grond te gebruik	J	Artikel 25 van die Grondwet
		K	Artikel 12 van die Grondwet
		L	Handves van Regte
		M	Departement van Landbou
		N	toegangspaaie en ander infrastruktuur

(10 × 1) (10)

1.2 Skryf adviserende aantekeninge oor hoe die volgende in 'n boerdery gedoen of bereik kan word:

1.2.1 Beperking van konflik en misverstand voor die sluiting van huurooreenkomste (9 × 2) (18)

1.2.2 Winsdeling in 'n vennootskap (4 × 2) (8)

1.2.3 Bepaling van die grootte van die grond wat gekoop moet word (3 × 2) (6)

1.2.4 Toepassing van die regte formule om grondpryse te bepaal gebaseer op die potensiële koper se bepaling van die grond se inkomstepotensiaal (4 × 2) (8)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: BOERDERYMEGANISERING EN GEBOUE

Maria Lucas het in 2018 die toekenning vir Beste Jong Boer van die Jaar gewen. Sy het 'n nuwe trekker en 'n tjek van R500 000 ontvang. Dit is alom bekend dat sy geen ervaring het van plaasmasjinerie nie.

2.1 Beskryf die moontlike uitgawes wat sy sal moet aangaan omdat sy die trekker gewen het. (8 × 2) (16)

2.2 Veronderstel sy het 'n tweedehandse trekker as prys gekry.

Evalueer die moontlike terugslae of uitdagings waarmee sy te doen kan kry. (5 × 2) (10)

2.3 Hoe kan sy sorg dat haar trekker doeltreffend bly? (2 × 2) (4)

2.4 Adviseer haar oor praktiese dinge waarna sy moet oplet om die herstelkoste van haar trekker so laag as moontlik te hou. (7 × 2) (14)

2.5 Verduidelik hoe die trekker waarde tot haar boerdery sal toevoeg. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3: ANALISE EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

Bestudeer die volgende inligting oor die boerdery se jaarlikse inkomste en uitgawes wat jy moet ontleed en beantwoord die vrae.

ITEM	AMOUNT (R)
Saad gekoop van NTK	30 000
Kunsmis en bespuitingsmateriaal gekoop van POP-AGRI	100 000
Oesversekeringspremies by Murovhi Financial Services	100 000
Vergoeding van stukwerkers tydens oes- en plantseisoen	170 000
Permanente personeel se vergoeding	150 000
Gewasse verkoop aan Shoprite	350 000
Hoenders verkoop aan KFC	900 000
Elektrisiteit	10 000
Koste van water en brandstof	58 000
Produksiekoste van hoenders	150 000
Versekering van 'n vragmotor	18 000
Bankkoste	3 000
Regskoste	25 000
Rente op leningskapitaal	50 000
Grondhuur	25 000
Ander koste aan buitelandse kapitaal	10 000
Rekenmeestersfooie	5 000
Reiskoste	6 000
Verblyf- en etekoste	10 000
Telekommunikasiekoste	25 000

3.1 Hoeveel boerdery-ondernemings is in hierdie inkomstestaat in ag geneem? (1)

3.2 Identifiseer die ondernemings waarna in VRAAG 3.1 verwys word. (2)

3.3 Bereken die bruto marge van elke onderneming wat jy in VRAAG 3.2 genoem het. (20)

3.4 Watter onderneming het die hoogste bruto marge? (2)

3.5 Is dit korrek om te aanvaar dat die onderneming wat jy in VRAAG 3.4 genoem het die winsgewendste is? Staaf jou antwoord. (4)

3.6 Bepaal uit die gegewe inligting al die items wat moeilik aan 'n enkele deel van die boerderyonderneming toegedeel kan word. (13)

3.7 Motiveer jou antwoord in VRAAG 3.6. (2)

3.8 Identifiseer die onderneming wat 'n negatiewe bruto marge toon. (2)

3.9 Verduidelik of dit veilig is om af te lei dat die onderneming wat jy in VRAAG 3.8 genoem het gestaak moet word. (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: DIE ONTWIKKELING VAN 'N BOERDERYSTRATEGIE

4.1	Bespreek die komponente van bestuursvermoë wat boere benodig om groot finansiële sukses te behaal.	(5 × 3)	(15)
4.2	Noem vier redes waarom die formulering van doelstellings nie 'n maklike taak is nie.	(4 × 2)	(8)
4.3	Bespreek die hulpbronne wat die interne omgewing van 'n boerdery verteenwoordig.	(5 × 2)	(10)
4.4	Skryf kort aantekeninge oor die faktore wat die eksterne omgewing van 'n boerdery verteenwoordig.	(6 × 2)	(12)
4.5	Bespreek die onsekerheid oor markte en pryse wat die landbou raak.		(5)
			[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou